

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



Lees: Matteus 1

Teks: Matteus 1:20,21

H.K.: Sondag 14

Datum: 20 November 2012

Ps's: Ps 150:1,2,3; Geloofsbelydenis; Ps.40:3,4; Ps 51:1,2,3; Ps 32:1,6

### 1. Inleiding.

Vanaf Sondag 5 oordink ons die verlossingswerk van God deur sy Seun. In die laaste paar Sondae kon ons stilstaan by die woorde: **Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, ons Here.** Dit was 'n heel besondere voorreg, want in daardie Naam en titels openbaar die Here aan ons hoe ryk Hy ons maak in sy Seun.

Vanaf Sondag 14 wil die leermeester van Heidelberg die grootse en heerlike verlossingswerk van ons Heiland nog verder vir ons verduidelik. Dit doen Hy deur ons te wys op die *twee lyn*e in sy lewe: *die lyn van vernedering* en *die lyn van verhoging*.

1. Eerstens is daar die *neerdalende lyn*, die lyn van diep vernedering: Dit begin met die geboorte van Jesus, waarby ons vandag sal stilstaan. Daarna kom die lyding, die kruis, sterwe, begrafnis en die samevatting van die lyding in die artikel oor die neerdaling na die hel. So ontsaglik diep moes Jesus neergedaal het in ons doemwaardige toestand, om ons te kon red nie! Wanneer ons dit oordink, moet die liefde van God ons met groot eerbied vervul. Want sy Seun het gedra, wat ons verdien het.
2. Tweedens, en daarmee sal ons begin in Sondag 17, is daar die *opstygende lyn* in die heilswerk van ons dierbare Saligmaker: sy opstanding, sy hemelvaart, sy sit aan die regterhand van God en sy wederkoms. Dit is die lyn van verhoging. Omdat Jesus gehoorsaam was tot in die dood, ja die dood van die kruis, het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n heerlikheid gegee bo alles. Vault die hemel gee Hy ons ook deel aan die heil wat Hy vir ons deur sy lyding verdien het.

In vandag se Sondag sien ons ons Here Jesus Christus die eerste tree gee op sy lydensweg: *die ontvangenis van die Heilige Gees en die geboorte uit die maagd Maria.*

Nou moet ek u reeds hier aan die begin waarsku: Trek u skoene van u voete, want ons staan op heilige grond. Ons gaan hier met ondeurgrondelike geheimenisse te doen kry, met dinge wat ons, met ons klein menseverstandjie, nie kan begryp en nie volkome kan verklaar nie. Tog word van ons gevra om dit te glo en met eerbied en lofprysing daarvoor neer te buig.

Sondag 14 verkondig aan ons: DIE VERWEKKING VAN JESUS DEUR DIE HEILIGE GEES, SY GEBOORTE EN DIE VRUG VAN DIT ALLES VIR ONS.

Aan die hand van ons teksgedeelte staan ek met u stil by drie gedagtes:

1. Die **sondelyn**;
2. die **deurbreekte lyn**;
3. **die nut** vir ons

### 2.1. Die sondelyn

Dit word algemeen aanvaar dat die evangelie van Matteus geskrywe is vir Joodse lesers, vir die verbondsvolk. Die evangelis Matteus wil die volk van God oortuig en tot die geloof bring: Hierdie evangelie, die evangelie van Jesus Christus - dit is die vervulling van die Ou Testament.

Talle dinge in Matteus moes die Joodse lesers herinner het aan die Ou Testament. So byvoorbeeld kan die evangelie van Matteus in vyf blokke verdeel word. Dit laat 'n mens dadelik dink aan die vyf boeke van Moses, Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium nie. Waarmee Mateus in duidelike taal vir sy Joodse lesers sê: Die evangelie van Jesus Christus kom nie met iets nuuts nie., Nee, maar dit sluit aan en dit is die vervulling van die Wet en die Profete.

Ja, alreeds die heel eerste hoofstuk van Matteus moes die Joodse lesers sterk aangespreek het: die Naam Dawid, koning Dawid, en die geboorte van die lankverwagte, beloofde Koning, waarvan die Ou Testament so vele male gespreek het. O, hoe het die Jode nie

uitgesien na die koms van die groot Seun van Dawid nie. Die Ou Testament is vol daarvan: van die koms van die groot Seun van Dawid, wat sy volk sal verlos.

En juis daarmee begin Matteus: by die Koning, by sy geslagsregister: ***Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid*** ... En met die aankondiging van sy geboorte.

Maar kom ons kyk na die koningskap in die Ou Testament.

Reeds in Deuteronomium 17:5 is die koms van die koning geprofeteer. En die boek Rigters roep om die koms van daardie koning. Want Rigters eindig met die woorde: "In daardie dae, in die dae van die Rigters “was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë.” Die volk het ’n koning nodig gehad om hulle te verlos en om hulle by die Wet van die HERE te hou – anders sou die volk uiteindelik te gronde gaan onder die verbondstraf en toorn van die HERE.

En uiteindelik het daardie koning gekom: Dawid is gesalf en in Samuel, Konings en Kronieke kan ons lees van Dawid se nageslag, die geslagslyn waaruit die Christus gebore sou word. Dit is hierdie geslagslyn wat ons voor ons het in Matteus 1.

MAAR:

- Wat ’n lyn was dit nie: Dit was ’n **sonde-lyn!**
- Wat ’n geslagsregister was dit nie: Dit was ’n **sondaars-register!**
- WANT verskillende name en sinne vestig ons aandag daarop dat ons hier ’n lyn van sondaars het: “Tamar” met wie Juda hoereer het, “Ragab” die hoer, “koning Dawid die vader van Salomo (by die vrou van ’n ander man) by die vrou van Uria”.
- **En dan ’n punt van die uiterste belang in verband met hierdie sondaarsgeslagsregister, ’n punt van soveel belang in verband met die heilige ontvangenis en geboorte van ons Koning, Jesus:** Hierdie konings, Dawid self en die hele geslagslyn van Dawid was nie net sondaars deur die sondedade was hulle self gepleeg het nie. Nee, maar in Psalm 51:7 roep Dawid dit uit: “Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.” Dawid en sy nasate was besmet mert die erfsonde.

Uit hierdie geslagsregister, sondaarsregister is dit meer as duidelik: Die redding kan nie van die mens kom nie. Dit moet van bo-af kom. God moet red. God moet ingryp. En dit bring ons by die tweede:

## 2.2. Die deurbreëte lyn

Matteus begin sy evangelie met die woorde: *Die geslagsregister van Jesus Christus*. Maar letterlik vertaal staan daar: *die boek van die genesis van Jesus Christus*.

*Genesis* – u ken die naam. Genesis is die naam van die eerste boek van die Bybel. Genesis vertel ons van die geboorte van hemel en aarde. Die naam Genesis beteken ook inderdaad geboorte. In Genesis lees ons van die geboorte van hemel en aarde. En ook daar, in Genesis is die geboorte van die skepping God se werk. Maar in Genesis lees ons ook iets anders: ons hoor van die sondeval, hoe die sonde God se skepping ontwig en verniel het.

En nou kry ons hier in Matteus, in die eerste boek van die Nuwe Testament 'n nuwe Genesis, 'n nuwe geboorte. Deur die genesis, deur geboorte van sy Seun en deur sy verlossingswerk gaan die skepping herstel, opnuut gebore word. Daar gaan 'n herskepping plaasvind.

En dit gebeur op 'n heel, heel besondere wyse. Dit gebeur so: God gryp in en God deurbreek die sondelyn, die sondaarsgeslagsregister van Dawid en sy nasate.

### Want nou moet u mooi luister wat gesê word:

Met eentonige reëlmaat weerklink dit die geslagsregister van Matteus 1 (en ek vertaal letterlik uit die Grieks): “Abraham het Isak *verwek*, ... Jakob het Juda *verwek* ... Dawid het Salomo *verwek* ... en Jakob het Josef *verwek*, die man van Maria”. Hoor u dit: die woord *verwek*? *Verwek* – die woord is belangrik. Maar u moet veral ook hoor wíe verwek: *die méns* verwek, *die méns* Abraham, *die méns* Isak, *die méns* Dawid – *die méns*, *die méns* verwek. Die een méns verwek die volgende.

MAAR .... almal mense, almal sondaarmense, almal mense wat in sonde ontvang en gebore is en daarom nie ons sondeskuld kan betaal en ons nie van die sonde kan verlos nie.

Dit is die een mens op die ander ... Die een **méns verwek** die volgende.

Maar dan gryp God in. Maria word swanger ... En dan staan daar nie die mens verwek nie, maar: "... **wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees.**" Hier is iets anders. Hier gebeur iets anders. Nie die mens verwek nie maar ... **God verwek.**

In Job 14 vers 4 roep Job die vraag uit: "Hoe kan 'n reine voortkom uit 'n onreine?" Die vraag word beantwoord in Matteus 1 vers 18: "... wat in Maria verwek is, is uit die Heilige Gees".

Calvyn vat dit skerp raak in sy Kategismus: Dit moes deur die Heilige Gees gebeur en nie deur gewone alledaagse manier van geboorte nie. Omdat die saad van die mens volkome bedorwe is, was dit gepas dat die werking van die Heilige Gees in die verwekking van die Seun van God tussenbeide tree sodat Hy nie besmet sou word nie, maar met die volmaakste reinheid bedeed sou wees.

Ons Here Jesus Christus is die vereiste Middelaar deur God gegee, die beloofde Koning, verwek van bo-af deur die Heilige Gees:

- Hy is eerstens **ware mens**, gebore uit die maagd Maria.
- Hy is tweedens ook **regverdige, sondelose mens**.
- En Hy is nog meer: Hy **is God**, want Matteus haal uit Jesaja aan en sê: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.

Dit is die Middelaar wat ons nodig het.

### 2.3. Die **nut** vir ons

**Ek word in sonde ontvang en gebore**, sê ons belydenis. Dit kom uit die Skrif uit, onder andere uit Psalm 51:7, waar Dawid sê: Nie alleen sy sonde met Batseba stel hom skuldig voor God nie, maar ook dit: Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.

Reeds by die begin van ons bestaan is ons **skuldig** en **onheilig**.

Ja, sê ons belydenis, maar daarom begin alreeds daar die werk van ons Here Jesus Christus as **Middelaar**, as die Een wat in ons plek gaan staan. Want juis dit is **die nut** van sy heilige ontvangenis en geboorte: dat Hy ontvang en gebore word as Middelaar en as Middelaar ontvang en gebore **met onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek.**

Dit is tog baie opvallend: Wanneer die belydenis oor die nut Christus se ontvangenis en geboorte praat, dan doen hy dit met woorde ontleen aan Israel se offerdiens. Want wanneer gepraat word van Christus se **onskuld** en **heiligheid**, dan slaan dit terug op die *Paaslam*: die Paaslam moes *sonder gebrek en vlekkeloos* wees, 'n beeld van **onskuld** en **heiligheid**. Dit beteken: daar reeds, by sy ontvangenis en geboorte, nie eers aan die kruis nie, maar daar by sy geboorte reeds is Hy die Paaslam, die Middelaar, die Plaasvervanger, wat **my sonde voor die aangesig van God bedek.**

Hy bedek my skuld en my onheiligheid, my erfskuld en my erfonheiligheid, waarmee ek besmet is reeds by my ontvangenis en geboorte. Hy **bedek** dit – dit is nog 'n offerterm. Dit kom uit Psalm 32:1: Welsalig is hy wie se sonde bedek is. En Psalm 32 slaan weer terug op Levitikus 16: Met die bloed het die Hoëpriester eenmaal in 'n jaar die heiligdom ingegaan en die bloed gesprinkel op die versoendeksel. So is die volk se skuld vor die aangesig van God **bedek**.

(Ons moet nooit vergeet nie: Ps 32 en sy bedek, sluit aan by Ps 51 en ons erfsonde. Wanneer Dawid in Ps 32 jubel oor sy sondes wat bedek is, bedoel hy ook die sonde van Ps 51:7: “Kyk, in ongeregtheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.”)

### 3. Slot.

Hoe aanskou ons nie alreeds by die geboorte van Christus die grootheid van God se genade nie! Nie alleen Golgota nie, maar alreeds Betlehem getuig van die barmhartigheid van God: die Seun van God, gebore uit 'n vrou, die ware, volmaakte mens, wat na ons toe neergedaal het om ons te red. Hy wat ons lewe van die begin af, van die wortel van ons bestaan af, met sy heilige ontvangenis en geboorte reinig.

AMEN.